

Dinsdag 25 Augustus

Skrifgedeelte: Prediker 4:7-12

Fokusgedeelte: Prediker 4:9-12

Twee is beter as een

Die Prediker sien nog iets wat vergeefse moeite onder die son is. 'n Man werk, maar daar is niemand om hom te help – nie eens 'n broer of 'n seun nie. Daar is verder geen einde aan sy inspanning nie en sy oë kry nie genoeg van nog meer besittings versamel nie. Sy handewerk is dus nutteloos. Dan vra so 'n persoon: “Nou maar vir wie maak ek my so moeg? Ek kry nie eens kans om te rus nie. En wie gaan al my goed erf as ek nie meer daar is nie?”

So 'n mens kan sy sukses met niemand deel nie. Die Prediker wil daarmee sê dat volle lewensgeluk ten diepste daarin lê dat daar deelgenootskap kan wees met ander mense.

Hierop brei die Prediker verder uit. Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom dan tot iets. In teëspoed kan hulle mekaar help. En as dit koud is? In antieke tye moes reisigers dikwels in die veld oornag ... sonder komberse. Dan lê hulle bymekaar om warm te kry. By 'n roofoanval kan twee 'n rower beter teenstaan. Daar is 'n spreekwoord – 'n driedubbele tou breek nie maklik nie.

Ons bely die gemeenskap van die heiliges (gelowiges) in die Twaalf Artikels. Die gelowige soek die ander gelowiges op in 'n kerkgemeenskap. Ek bely en beoefen nie alleen my geloof nie, maar saam met medebroers en -susters.

Jesus Christus self het dissipels gekies om saam met Hom te wees tydens sy bediening op aarde. En Hy het hulle opdrag gegee om dit wat Hy hulle geleer het, verder te gaan verkondig.

Verlang jy na die gemeenskap van die gelowiges?

Sing: Skrifberyming 12-2:1, 5

Ds. JF Mouton (Koos) (Emeritus)